# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 4, NO 10, OKT. 1998

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

# Een, eenders, anders

Een, maar nie eenders nie. Anders, maar tog een. Dit is 'n skeppingsgegewe. Op die eerste bladsye van die Bybel word ons reeds bewus gemaak van eenheid en verskeidenheid. God die HERE maak een skepping. Maar dit is 'n skepping wat saamgestel is uit 'n ryke verkeidenheid plante en diere en ander skepsels. Die refrein in Genesis 1 keer telkens terug: "volgens hulle soorte".

Een, maar nie eenders nie. Anders, maar tog een. Dié woorde word ook van toepassing gemaak op die kerklike lewe. Deurgaans nie in dieselfde konteks as Genesis 1 nie. Nie om aan te dui dat die liggaam van Christus - die kerk - uit verskeie ledemate bestaan wat elkeen sy unieke plek en taak het nie. Wel om uiteenlopende gedagterigtings by mekaar te hou en - in soverre dit moontlik is - met mekaar te versoen.

Waar klaarblyklike paradigmaverskuiwings plaasvind (ook 'n term wat geliefd geraak het in die kerklike woordomgang), word gepoog om denkers van die ou paradigma (ortodokse konserwatiewes?) en argitekte van die nuwe paradigma (ortoprakse liberales?) kunstig by mekaar te hou. Byvoorbeeld: die inrigtig van die erediens kan nie oral dieselfde wees nie. Ons kan nie verwag dat almal eendersdenkend moet wees oor die posisie van die vrou in die kerk nie. Die viering van nagmaal sal verskil ooreenkomstig die behoefte van 'n bepaalde gemeenskap. Moet dit problematies wees? Tog nie! Ons is mos een? Een, maar nie eenders nie? Anders, maar tog een? Laat elkeen optree volgens die behoeftes van die bepaalde gemeenskap. Laat daar verdraagsaamheid en wedersydse respek wees vir anders-wees! As daar verskil word, verskil dan broederlik van mekaar. Christelike liefde vereis dit!

Mooi woorde. Maar wat is die reikwydte daarvan? Wanneer ondermyn andersheid eenheid? Die Skrif onderrig ons oor eenheid in die Gees (Efesiërs 4:4). Eenheid in waarheid. Buiten die waarheid is daar geen eenheid nie. In die belydenis en die kerkorde bind ons mekaar aan die waarheid. Die oomblik as daar buite die grens van Skrif, belydenis en kerkorde beweeg word, dek die "een, maar nie eenders nie"-vlag nie meer die lading nie. Dan is daar hoogstens sprake van 'n kunsmatige eenheid: iets wat nie standhoudend is nie.

Waar lê ons roeping? Daarin, dat nie-eendersdenkendes deeglik oor die punt van anders-wees sal besin. Is almal - ongeag die feit dàt en die saak waaròor verskil word - gebind aan die waarheid? Word daar saam beweeg op die ou paaie van die HERE (Jeremia 6:16)? Of is daar in die verskuiwing van paradigmas nuwe paaie gebaan, langs die ou paaie, in die plek van die ou paaie? Die konsekwensie van laasgenoemde is radikaal: nie eenders nie, maar ook nie meer een nie!

Besinning oor eenheid in die waarheid is van lewensbelang. Geen sentimentele besinning met stroopsoet woorde nie. Dit bind gelowiges nie op die een fondament saam nie. Wel deurtastende besinning, waarin alle standpunte op die kerklike erf aan die vasstaande gereformeerde norme getoets word.

Van die redaksie.

**INHOUD**


1 **Redaksioneel**
*Een, eenders, anders*
1 **Skrifoordenking**
*Die waarheid is as die Here spreek . .*
Ds CA Jansen
3 **Fokus**
*Skrifgesag en Skrifvertolking (2)*
Prof GJC Jordaan
7 **Aktueel**
*'n Nuwe kalf met ou goud*
Ds ALA Buys
9 **Hou vas wat jy het (2)**
Dr JG Meijer
10 **Op pad na sinode 2000**
*Die posisie van kerklike professore*
Dr JG Meijer


---

**SKRIFOORDENKING**

# Die waarheid is as die HERE spreek...

**Ds CA Jansen**
Bloemfontein-Suidheuwels

**"En Hananja het gespreek in teenwoordigheid van die hele volk en gesê: So spreek die HERE... "Gaan spreek met Hananja en sê: So spreek die HERE: Houtjukke het jy verbreek, maar jy moet in die plek daarvan ysterjukke maak".**

**Skriflesing: Jeremia 28:11, 13**

In die laaste paar jaar kry ons al meer te doen met die stryd om die waarheid. Dominees verkondig dinge wat direk in stryd met mekaar is. Dit gebeur dat dominees van verskillende kerke lynreg teenoor mekaar staan. Dit gebeur ook dat dominees van dieselfde kerkverband oor sekere dinge praat waar hulle lynreg teenoor mekaar staan. Dit maak vir ons die bepaling van wat waar en vals is aansienlik moeiliker. Maar ongelukkig is dit ook weer waar: die politieke arena waarin die dominee staan (of waarin mense dink hy staan) is dikwels die grond vir beoordeling van wie die waarheid praat - dit geld ook van die GKSA.

In dié tyd - wie verkondig die waarheid en wie 'n valse profesie? Want almal gee voor dat hulle in die Naam van die Here praat. Lees ons Jer 27-28 vind daar selfs simboliese handelinge plaas.

Jeremia dra 'n houtjuk as simbool van die juk van Babel waaronder die volk gebuk moes gaan. Maar dan is daar weer Hananja wat die houtjuk stukkend breek, as simbool dat die juk van Babel gebreek sal word. Wie van hulle twee is reg ? Ons sê maklik Jeremia is reg en Hananja is verkeerd omdat Hananja dood gaan. Maar hoe bepaal ons dit vandag ? Toe die volk destyds die profesieë moes aanhoor, hoe kon hulle vasstel wat waar en wat vals is ?

Die werklikheid is dat christene onderling van mekaar verskil. Selfs kerke verskil ... kerke in dieselfde kerkverband. Daarom moet elke kerk getoets en beoordeel word. Maar dis moeiliker as wat ons dink. Gewoonlik geld die uitkoms van 'n profesie as maatstaf wie reg en wie verkeerd was. Trouens, hierdie uitkoms word in die Bybel self gegee (Jer 28:9 en Deut 18:22). Die uitsprake het mekaar weerspreek: Jeremia wat verkondig dat die ballingskap 70 jaar sou duur en Hananja wat beweer dat dit net 2 jaar sal duur. Wie moet geglo word ?

## Goeie bedoelings

Die vals profete praat nie noodwendig met voorbedagte rade vals nie. Hulle is ernstig, hulle glo dat hulle opreg is en praat na die beste van hulle insigte. Jeremia kon vir Hananja nie oortuig nie, omdat Hananja oortuig was van sy saak. Jeremia draai om en loop weg. Moontlik omdat hy gevoel het hy kon die mense nie oortuig nie, en miskien selfs omdat hy nie meer so seker van sy eie saak was nie. Dit kan dus wees dat twee dominees, twee kerke ewe ernstig oor dieselfde saak is ... en tog uiteenlopend.

Die valse profeet bedoel dit ook goed. Dis met die beste bedoelings dat Hananja gepreek het dat die verlossing oor twee jaar sou kom. Hy het die belange en heil van die volk voor oë. Hy wil vir hulle die beste. En dan kom staan Jeremia en hy preek: so spreek die HERE Here. Die juk wat julle nou het is 'n houtjuk, maar daar sal 'n ysterjuk op julle gesit word. En hy sê dan daarby: Ek het ook julle belange op die hart. Maar daarin het Jeremia die wind van voor gekry, hy word beskuldig dat hy juis nie die volk se belange op die hart dra nie. Die valse profeet bedoel dit ook goed.

Gewoonlik is die valse profeet nog suksesvol ook. Hy verkondig gewoonlik wat die mense graag wil hoor en word maklik deur die mense geglo. Hulle gee aan die mense al die gronde en regverdiging vir dit wat die mense graag wil doen. Op alles wat die mense vir 'n goeie doel wil doen, sou die seën van die Here rus. Hahanja se preek is vir die volk versterkend en bemoedigend.

So sou Jeremia dit ook wou gehad het. Hy sou ook wou sien dat die juk verbreek word en die tempelvoorwerpe teruggebring word. Maar hy weet - op grond van wat God sê - dit kan nie so werk nie. Hy kan nie nou vrede en voorspoed preek nie, maar wel oordeel en vermaning. En daarom soveel teenstand teen hom.

Die groot skare wat die predikers lok, die gewildheid van die predikers, die skynbare finansiële sukses, die skouspelagtige gebeure daar waar die predikers optree is nog geen waarborg van die waarheid nie. In 2 Tim 4:3 sê God dat daar 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Daarom sal hulle vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.

Merkwaardig is dit dat wat die valse profeet sê eintlik in 'n sekere sin tog die waarheid is. Dat God verlossing bewerk en vrede gee is waar. In die dae van Jeremia het die valse profete "vrede, vrede" verkondig (Jer 6:14). Dit is tog een van die wesenlike boodskappe van die evangelie. Die engelekoor het die lied van vrede oor die Bethlehemsvelde laat weerklink.

Maar vir die besondere tyd was die boodskap nie waar nie. Want op daardie tydstip was daar nie vrede nie (Jer 6:14). Die valse profete ken God se uur nie. Dit gaan vir hulle nie primêr om wat God wil in daardie betrokke situasie en oomblik nie, om wat God spreek nie.

Wat is God se wil vir ons in die besondere situasie waarin ons vandag, op hierdie oomblik verkeer ? Wat bring ons tot die verheerliking van God ? Trouens, het die negatiewe verandering van omstandighede al iets goeds opgelewer, tot verheerliking van God ?

Onder die ANC leiding is alle wetgewing rondom Sondaghandel tot niet gemaak. Het daar al bekering by ons gekom ? Of koop ons net so lustig op die rusdag ? Onder die ANC leiding is wetgewing rondom pornografie bykans tot niet. Het daar by ons bekering gekom oor films en video's ? Of kyk ons nog maar steeds na films met waarskuwings oor vloek en geweld, naaktheid en seksuele aktiwiteit (gewoonlik buite huweliksverband) onder die vaandel van die goeie storie ? Tans is daar groot besorgdheid oor skoolopvoeding onder die ANC bewind. Het daar al by ons bekering gekom dat ons self verantwoordelik is om ons kinders op te voed - ook in die skoolonderrig - tot eer van God ?

Ware profesie is daar om die sonde te ontbloot in die tyd waarin die Woord spreek, want ons is almal in sonde ontvang en gebore. Die prediking van die waarheid - so spreek die Here - moet juis die sonde blootlê, want dan tref die vertroosting van die versoening. As ons eers weet hoe groot ons sonde en ellende is, dan weet ons hoe 'n groot offer daarvoor nodig is om ons te verlos en leer ons hoe ons God daarvoor dankbaar moet wees. Die versoening wat Jesus Christus deur sy dood en opstanding bewerk het is genoegsaam vir alle sonde. Maar God maak dit waar in jou lewe langs die weg van berou en bekering. Dit is die sagte juk, die houtjuk wat Jeremia verkondig het. Die verkondiging van 'n herstel en verlossing waar geen bekering gevra word nie, bring die ysterjuk oor die valse profete en hulle hoorders wat deur hulle gehoor gestreel wil wees.

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Redaksie-adres:*
Ds ALA Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380
Tel (01782) 2480
*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 50 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

FOKUS

# SKRIFGESAG EN SKRIFVERTOLKING (2)

**Prof GJC Jordaan**
Teologiese Skool
Potchefstroom

**In die eerste artikel oor dieselfde onderwerp is daar verwys na die begrippe indikatief en imperatief, deskriptief en preskriptief, sentrum en periferie. Die verhouding tussen die onderkeie begrippare is eweneens onder die loep geneem. Die bedoeling met hierdie opvolgartikel is om in die lig van die reeds vermelde gegewens aandag aan basiese hermeneutiese riglyne te skenk.**

## Onderskeid tussen indikatief en imperatief

*Nie meganiese grammatikale onderskeid nie*

Om in die eksegese van 'n teks tussen indikatief en imperatief te onderskei, is moeiliker as wat dit op die oog af lyk. In die eerste plek moet in gedagte gehou word dat taalkategorieë en openbaringskategorieë nie altyd saamval nie. Dit wil sê, 'n werkwoord waarvan die gram-matikale modus imperatief is, moet nie nood-wendig as 'n openbaringsimperatief beskou word nie. In 1 Tessalonisense 5:19 word 'n opdrag van God by wyse van 'n grammatikale imperatief geopenbaar ( "moenie die Gees uitblus nie"), terwyl die grammatikale imperatief in Johannes 2:19 ("Breek die tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig") draer van 'n heils-indikatief is. Desgelyks is die grammatikale indikatief (of ekwivalent daarvan) dikwels draer van 'n heilsindikatief, byvoorbeeld Romeine 8:34 ("Christus is dit wat vir ons gesterf het ... wat ook vir ons intree), maar soms ook van 'n Goddelike opdrag, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 4:7 ("God het ons nie tot onreinheid geroep nie maar tot heiligmaking").

Daar is dus nie 'n meganiese manier om tussen die heilsindikatief en -imperatief van 'n teks te onderskei nie. Dit word bevestig deur die volgende verskynsels in die Skrif:

Opdragte wat God self direk uitspreek, sou oor die algemeen aanvaar kon word as blywende *imperatiewe* (byvoorbeeld Eksodus 20:12). Tog is daar verskeie opdragte wat God self gee en wat kennelik nie as blywende opdragte aan alle gelowiges bedoel is nie, byvoorbeeld 1 Konings 19:11 ("Kom uit en gaan staan op die berg voor My") en Johannes 2:7 ("Maak die kanne vol water").

Dikwels gee God blywende opdragte (*imperatiewe*) deur bemiddeling van menslike diensknegte, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 5:17 ("Bid sonder ophou"), maar daar is ook talle opdragte van die apostels en profete in die Skrif opgeteken wat nie as blywende *imperatiewe* bedoel is nie, byvoorbeeld 2 Konings 5:10 ("Gaan was jou sewe maal in die Jordaan") en 2 Timoteüs 4:13 ("Bring vir my die reismantel wat ek in Troas laat agterbly het ...").

***Sintaktiese en stilistiese merkers***

Hierbo is aangedui dat die verhouding tussen die heils*indikatief* en *-imperatief* van so 'n aard is dat die imperatief altyd konkluderend op die indikatief volg. Daarom kan dit die eksegeet van hulp wees om op te let vir sintaktiese en stilistiese merkers wat 'n konkluderende funksie het. Labuschagné[1] wys op die volgende:

'n Indikatief wat volg op die partikel *want* kan die grond bied vir 'n voorafgaande imperatief (byvoorbeeld Filippense 2:12,13) en 'n imperatief wat volg op die partikel *dan* is gegrond in die voorafgaande indikatief (byvoorbeeld Romeine 12:1).

By Paulus volg die imperatief as toetssteen van die geloof dikwels in 'n apodosis by 'n voorwaardesin (byvoorbeeld Kolossense 3:1 vv.)

Soms word die imperatief by wyse van 'n retoriese vraag gestel. Die indikatief word dan gestel by wyse van 'n relatiewe sin, byvoorbeeld Romiene 6:2 ("Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" = In Christus het ons die sonde afgesterf; daarom mag ons nie meer daarin lewe nie).

Hoewel hierdie voorbeelde geldig is, bied dit glad nie 'n vaste model nie. Trouens, daar is in die Nuwe Testament talle voorbeelde van *want*- en *dan*-sinne, van voorwaardesinne met apodosis en van retoriese vrae wat nie indikatief-imperatief-verhoudings aandui nie (byvoorbeeld Filippense 1:8, Efesiërs 5:1 en 1 Korintiërs 10:18). Daarom sal daar ook na ander hulpmiddels vir die eksegese gekyk moet word om tussen indikatief en imperatief te onderskei.

***Konteks***

Dikwels kan die eksegeet, sonder formele sintaktiese of stilistiese aanwysers, vanuit die konteks geldige afleidings maak oor wat in 'n gegewe Skrifdeel as indikatief en wat as imperatief bedoel is. Deel van die konteks is die literatuurtipe waarvan die betrokke teks deel vorm. Historiese stof, poëtiese stof, profetiese stof en briewe is nie bedoel om op dieselfde manier gelees te word nie. Ook die retoriese konteks (gedagtestruktuur), sosio-historiese konteks, (openbarings-)historiese konteks en die konteks van die hele Skrif moet hierby in ag geneem word.

## Retoriese konteks

Die retoriese konteks van 'n Skrifdeel kan beskryf word op grond van 'n ontleding van die gedagtestruktuur[2]. 'n Belangrike deel van gedagtestruktuurontleding (GSO) is juis om die samehang tussen die verskillende struktuur-komponente aan te dui. Indien dit uit die gedagtestruktuur blyk dat twee of meer gedagtes konkluderend of oorsaaklik saamhang, kan die eksegeet die moontlikheid van 'n indikatief-imperatief-verhouding oorweeg.

'n Voorbeeld hiervan vind ons in die GSO wat Coetzee[3] van Jakobus 4:6b-10 gemaak het. In die perikoop kom die partikel *dan* net een keer voor (vers 7). Nogtans kan uit die daaropvolgende parallelle rangskikking van gedagtes afgelei word dat daar nie minder nie as tien imperatiewe in hierdie een indikatief begrond word. Dit blyk verder dat twee van die imperatiewe in werklik

[1] Labuschagné, G.C.P. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking. 'n Eksegeties-homiletiese studie toegespits op die Galasiërbrief. Th.M.-verhandeling. PU vir CHO. p. 29-31.

[2] Coetzee, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte (*In* Coetzee, J.C. *red.* Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerk-boekhandel. p.23).

[3] Coetzee, 1988, p. 34

[4] Coetzee, J.C. 1995a. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Part 1: Hermeneutical rules. Potchefstroom: Mini Publishers. p. 16.

heid parakleties van aard is, aangesien die bevel telkens direk verbind word aan 'n belofte.

## Sosio-historiese konteks

Aangesien die Skrif gewoonlik tydgerig is[4], het ook die opdragte wat God daarin gee - selfs blywende opdragte - dikwels 'n tydgerigte karakter. God het immers nie in 'n tydlose vakuum sy opdragte gegee nie maar binne 'n sosio-historiese situasie. So word in 1 Timóteüs 2:1,2 aan gelowiges opgedra om voorbidding te doen "vir konings en almal wat hooggeplaas is". Die tydgerigte "vir konings" weerhou die moderne eksegeet nie daarvan om hierdie opdrag met normatiewe gesag ook van toepassing te maak op byvoorbeeld 'n staatspresident nie. Desgelyks is die tydgerigte verbod dat jy nie iemand anders se "os of esel" mag begeer nie (Eksodus 20:17) ook van toepassing op hedendaagse besittings soos 'n motor of 'n rekenaar.

Om te onderskei tussen opdragte wat as blywende imperatiewe bedoel is en opdragte wat bloot situasie-gerig is, oftewel opdragte met *normatiewe gesag* en die met *historiese gesag*, moet die eksegeet die teks binne sy sosio-historiese konteks plaas. Hierby moet egter gewaak word teen die idee dat sekere opdragte (dié met normatiewe gesag) tydgerig is terwyl ander opdragte (dié met slegs historiese gesag) ook tydgebonde is. Opdragte met historiese gesag bly steeds deel van die tydgerigte inkleding van die Skrif.

By die vasstelling of 'n bepaalde opdrag slegs deel uitmaak van die sosio-historiese inkleding van die teks of nie is die hermeneutiese reël dat die Skrif sy eie verklaarder is, deurslaggewend. Met ander woorde: die eksegeet kan nie net op grond van buite-bybelse of bloot subjektiewe oorwegings besluit dat 'n bepaalde Skrifopdrag as sosio-historiese inkleding beskou kan word nie, maar **die Skrif self** moet eers daarvan blyke gee.

'n Voorbeeld hiervan is die opdrag vir die vrou dat sy haar hoof moet bedek om te wys dat sy haar man as haar hoof erken (1 Korintiërs 11:5 vv.). Hierdie opdrag word in vers 6 gemotiveer (want), nie aan die hand van 'n indikatief nie maar aan die hand van wat destyds in die samelewing as skandelik beskou is, naamlik dat 'n vrou haar hare skeer, terwyl lang hare 'n vrou tot eer strek (11:15). Hierdie siening van wat eervol en wat skandelik is, verbind Paulus in vers 14 aan die fusis, dit is die natuur oftewel dit wat destyds as "natuurlik" beskou is (die algemene opvatting).

Die Skrif self lei ons dus tot die konklusie dat die opdrag tot 'n hoofbedekking die sosio-historiese inkleding van 'n ruimer opdrag is. Die ruimer opdrag wat op die gelowiges van alle tye gerig is, is dat die vrou in die openbare erediens so teenoor haar man moet optree dat dit duidelik sal blyk dat hy haar hoof is (11:3-4). Laasgenoemde word gegrond nie op sosio-historiese argumente nie maar in die *indikatief* van die verhouding tussen die Vader en die Seun (11:3). In verse 9 en 11 word dit verder gegrond op die *indikatief* van hoe God man en vrou geskep het.

Samevattend blyk dit dat die eksegeet veral aandag moet gee aan die **begronding** van elke opdrag in die teks. Opdragte wat op 'n geopenbaarde *indikatief* gegrond is, kan beskou word as 'n blywende *imperatief*; opdragte wat op sosio-historiese argumente gegrond is, kan beskou word as situatiewe opdrag.

## (Openbarings-)historiese konteks

Veral in historiese stof is daar dikwels nie 'n formele gedagtestruktuur waaruit indikatief-imperatief-samehang aangedui kan word nie. In sulke gevalle kan die samehang soms uit die historiese situasie afgelei word.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in die geskiedenis van die vermeerdering van die brode (Matthéüs 14:14-21). In die perikoop is daar twee opdragte van Jesus wat as grammatikale imperatiewe weergegee word. Wanneer die dissipels sê dat hulle net vyf brode en twee visse het, sê Jesus (imperatief): "Bring dit hier vir My" (vers18), en daarna (vers19) beveel Hy die skare om op die gras te gaan sit. Beide hierdie opdragte is egter op die historiese situasie gerig. Dit is duidelik nie bedoel as blywende opdrag met normatiewe gesag vir alle tye nie. Nogtans het dit beslis historiese gesag.

In die wonder van die vermeerdering van die brode het Jesus onteenseglik 'n heilsfeit geopenbaar wat as ongeskrewe indikatief openbaringshistories daarin opgesluit lê. Dit is naamlik dat Jesus kan doen wat menslik onmoontlik is. Hy ís die Messias, die Seun van God. En, hierop gegrond, is ook die ongeskrewe imperatief: Glo in Hom!

## Konteks van die hele Skrif

In die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* is dit eerstens nodig om die openbarings-historiese gerigtheid van die betrokke Bybelboek in ag te neem. As voorbeeld kan weer eens die vermeerdering van die brode (Matthéüs 14:14-21) geneem word. Hierbo is daarop gewys dat die ongeskrewe *imperatief* in hierdie perikoop neerkom op: Glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hierdie *imperatief* sluit ten nouste aan by die openbaringshistoriese gerigtheid van die Evangelie volgens Matthéüs, naamlik om mense te laat glo dat Jesus die Messias van God is.

In die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* is dit tweedens nodig om die openbarings-historiese lyne van die Skrif as geheel in ag te neem. Die voorbeeld uit 1 Korintiërs 11, waarna tevore verwys is, is reeds 'n aanduiding dat die breë openbaringshistoriese lyne in die Skrif, byvoorbeeld God se skeppingswerk, in die eksegese in ag geneem moet word. In die eksegese behoort elke opdrag dan binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis geplaas te word om binne daardie konteks te oordeel of dit bedoel is as 'n blywende *imperatief* of nie.

'n Voorbeeld hiervan is die opdrag in Handelinge 15:28,29: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as

hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery." Indien egter die lyn vanaf die Ou- na die Nuwe-Testamentiese Skrifopenbaring gevolg word, is dit duidelik dat die ou seremoniële wette (wat onder meer die eet van bloed verbied het) in Christus hulle vervulling bereik het en daarom nie meer bindend is nie. Gevolglik word oor die algemeen in die gereformeerde eksegese die verbod op die eet van bloed en van wat verwurg is beskou as 'n opdrag wat gerig was op die destydse situasie en nie as 'n blywende *imperatief* geld nie.

Direk in aansluiting by die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif is die eksegetiese proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Om tussen *indikatief* en *imperatief* in 'n bepaalde Skrifdeel te onderskei, kan ander uitsprake elders in die Skrif rigtinggewend wees. Weer eens kan die geskiedenis van die vermeerdering van die brode (Matteus 14:14-21) as voorbeeld dien. Die konklusie dat die ongeskrewe *imperatief* van die perikoop neerkom op "Glo!", word in die lig van 'n ander Skrifuitspraak duidelik. Markus 6:52 getuig dat die wonder van die brode bedoel was om mense tot geloof te bring.

## Onderskeid tussen fokuspunt en bysaak

### *Sintaktiese en stilistiese merkers*

In die breë gesien, kan as vertrekpunt geneem word dat die grammatikale hoofsin die *fokuspunt* van die teks sal stel en bysinne en deelwoordfrases die *bysake*. Efesiërs 2:4,5 dien as voorbeeld:

Hoofsin (en fokuspunt):
  maar God het ons lewend gemaak saam met Christus
Deelwoordfrases (wat ondersteunende bysake stel):
  wat ryk is in barmhartigheid (grond)
  deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het (wyse)
  ook toe ons dood was deur die misdade (omstandighede).

Aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament ook talle voorbeelde van hoofsinne wat *bysake* stel en bysinne wat die *fokuspunt* van die teks bevat. De Klerk[5] se ontleding van Efesiërs 3:14-21 toon byvoorbeeld aan dat die *fokuspunt* van die perikoop nie in die grammatikale hoofsin (verse14-15) gevind word nie maar in die daaropvolgende drie bysinne wat elk deur *sodat* ingelei word (verse 16-19).

## *KONTEKS*

## Retoriese konteks

Nog veel meer as by die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* is GSO van belang vir die onderskeid tussen *fokuspunt* en *bysake* in 'n perikoop.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Lukas 18:9-14). Uit 'n GSO van die perikoop blyk dit dat die gelykenis in 'n rings-komposisie (diamantstruktuur) gestruktureer is. Aan die begin van die gelykenis (vers 9) noem Lukas die fokuspunt van die gelykenis: Jesus vertel die gelykenis met die oog op mense wat dink dat hulle in hulleself *regverdig* is en op ander neersien. Aan die einde van die perikoop gaan dit oor wie werklik *géregverdig* is. Die fokuspunt van die gelykenis moet dus nie in die optrede van die Fariseër en die tollenaar gesoek word nie maar in die feit dat God ons voor Hom regverdig stel.

## Sosio-historiese konteks

Soms kan ook die sosio-historiese konteks lig werp op wat as fokuspunt van 'n perikoop beskou moet word. 'n Voorbeeld hiervan is uitgewerk deur Van Rensburg[6] met 1 Petrus 2:11-4:19. Aangesien die eerste lesers van die Petrusbrief se sosiale en politieke omstandighede dié was van vreemdelinge en bywoners wat baie deur die landsburgers verontreg is, was hulle geneig om hulleself te verdedig deur terug onreg te pleeg. Daarom wil Petrus hulle oortuig om juis te midde van hulle vreemdelingskap hulle steeds te gedra soos God dit wil hê. Hierdie algemene paraklese word in 1 Petrus 2:11-12 aangetref en kan dus geneem word as *fokuspunt* van die perikoop.

## (Openbarings-)historiese konteks

Soos by die onderskeid tussen *indikatief* en *imperatief* kan die historiese konteks waarin 'n perikoop staan, 'n sterk aanduiding gee van waar die *fokuspunt* daarvan gesoek moet word. As voorbeeld hiervan kan die geskiedenis van Jesus se begrafnis geneem word (Matteus 27:57-66). Die *fokuspunt* van hierdie perikoop is, histories beskou, vers 60: Jesus is begrawe. Ander historiese feite word as *bysake* gestel wat uiters belangrike ondersteuning aan die historiese feit van Jesus se begrafnis bied. Dit is sake soos wie Hom begrawe het (verse 57-59), die ooggetuies van sy begrafnis (vers 61), die verseëling van die graf deur die Jode (verse 62-66).

## Konteks van die hele Skrif

Ten eerste: Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek. Ter illustrasie dien die perikoop Lukas 6:1-11 (Op die Sabbat tel die dissipels koringare op en genees Jesus die man met die verdorde hand). Geplaas binne die konteks van Lukas 4 tot 6, is dit duidelik dat die Evangelis 'n reeks insidente beskryf waarin telkens aangetoon word dat Jesus waarlik die Here is: Jesus is Here oor die demone (4:31-37), Here oor siekte (4:38-40), Here van alle skepsele (5:1-11), Here oor siekte (5:12-26). En nou weer, in 6:1-11, is die *fokuspunt* weer Jesus se Heer-skap: Hy is Here óók van die Sabbat. Hieruit blyk dit dat 6:5 die fokuspunt van die perikoop bevat: Die Seun van die mens is Here, *ook* van die sabbat.

[5] De Klerk, B.J. 1988. Koninkryk, Gees en Woord in die gebed van Efesiërs 3:14-21. (*In* Coetzee, J.C. *red.* Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerk-boekhandel. p.44-46).

[6] Janse van Rensburg, F. 1998. Eksegese vir Gereformeerde Woordbediening. Die toepassing van 'n metode op 1 Petrus 2:11-12. Potchefstroom: TSP (ongepubliseerde Diktaat). p. 7-8.

Ten tweede: Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel en Skrif-met-Skrif vergelyking. In 'n sekere sin het elke Skrifdeel 'n besondere plek binne die geheel van die Skrifopenbaring en moet dit ook binne daardie geheel beoordeel word. Dit geld natuurlik ook vir die fokuspunt van so 'n Skrifdeel. 'n Voorbeeld van 'n perikoop wat kwalik anders as vanuit die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif beoordeel kan word, is die geslagsregister van Jesus in Matteus 1:1-17. In die geslagsregister word die verbondslyn vanaf Abraham (vers 1) tot by Christus getrek. Vanuit openbaringshistoriese oorwegings is dit duidelik dat die geboorte van Jesus juis die vervulling van die beloftes van die verbond was. Vers 1 vermeld ook duidelik dat Christus "die seun van Dawid" was. Vanuit Skrif-met-Skrif-vergelyking is ook die openbaringshistoriese betekenis van Dawid duidelik: hy is die koning uit wie se nageslag die Messias gebore sou word. Beide die verbondslyn (Abraham) en die koningslyn (Dawid) word in vers 1 saamgetrek, wat dan as *fokuspunt* van die geslags-register van Jesus beskou kan word.

## Teologiese sintese as *donum interpretationis*

Nadat 'n hele aantal hulpmiddels hierbo aan die hand gedoen is - sintaktiese, stilistiese, sosiohistoriese en openbaringshistoriese oorwegings - moet egter weer benadruk word dat die verklaring van die Skrif nie 'n meganiese proses is nie. Die aanwending van die vermelde (en ook nog ander) hulpmiddels is uiters belangrik, maar dit is slegs deel van die proses van teks*analise*. Met die inligting wat uit die analitiese deel van die eksegese versamel is, moet die eksegeet nou oorgaan tot die belangrikste deel van die Skrifuitleg, naamlik die *sintese*. Grosheide[7] verwys na die *sintetiese eksegese* of die bepaling van die *dieper sin* (Let wel: nie die "diepere sin" waarna die allegoriese verklaring op soek is nie!). Sommige skrywers verwys daarna as die *teologiese eksegese*, as 'n derde stap na die grammatiese en die historiese eksegese[8].

Ook by die onderskeid tussen *indikatief, imperatief, fokuspunt* en *bysake* kan nie met die analitiese eksegese volstaan word nie. Van die eksegeet word onderskeidings-vermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen. Dit is wat bekend staan as die *donum interpretationis*. Die gawe van die Gees om te interpreteer is egter nie iets soos 'n "inwendige lig" wat buite die Skrif om gegee word nie. Die eksegeet ontvang dit juis in sy besig wees met die Skrif.

Grosheide[9] wys daarop dat slegs noukeurige grammaties-historiese eksegese kan lei tot die bepaling van die dieper sin van 'n teks. Die **dieper** betekenis word nie met verloop van tyd 'n **ander** betekenis nie. Die verklaarder sien egter in sy besig wees met die teks ander Skrifdele raak waarmee die Gees hom so lei dat hy duideliker sien hoe hierdie teks verstaan moet word, ook binne sy eie tyd en omstandighede.

Ook die teologiese sintese is onderworpe aan wetenskaplike kontrole. Die gewone wetenskaplike weg is dat die sintese sorgvuldig van al die onderdele van die teks rekenskap moet gee - van imperatief én indikatief, van fokuspunt én bysaak. Die sintese mag nie die betekenis van die teks verlê tot iets anders as wat daar staan nie. Dit wil egter deurdring tot die kern van die openbaring van God in die teks en wil dit in die hermeneuseproses oordra na die omstandighede van vandag. Dit lei uiteindelik tot die vraag: Wat openbaar God hier aan ons, aan my[10]?

## Hermeneuse as gawe van profesie

Ten einde te kan sê wat God aan ons "hier, vandag" sê, gaan die sintetiese eksegese oor na wat bekend staan as die hermeneuseproses. Dit is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese) waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die leser of hoorder vandag. Vir die hermeneuseproses is daar nie vasgestelde reëls nie. Hierby is die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik (vergelyk Romeine 12:6,7, 1 Korintiërs 14:3).

By die diskussiegroep van die personeel van die Teologiese Skool Potchefstroom (11 Junie 1998) is daarop gewys dat dit vir die eksegeet belangrik is om in die proses van hermeneuse ook 'n analise te maak van ons eie sosiale konteks vandag. Ook is daar gewys op die proses van dekontekstualisering (om die boodskap uit sy destydse konteks los te maak) en rekontekstualisering (om dit in die konteks van die teenwoordige tyd te plaas). Dit beteken egter nie dat die sosiale konteks van die hoorders bepalend mag wees vir wat God sê nie of 'n veto kan plaas op die resultaat van die eksegese nie. Daarom geld dieselfde wetenskaplike kontrole by die hermeneuse as wat by die teologiese sintese geld: dit moet berus op die resultate van die eksegese en sorgvuldig rekenskap gee van al die onderdele van die teks - imperatief, indikatief, fokuspunt en bysaak.

## Geen meganiese reëls nie

Aangesien die hele eksegeseproses, in sy grammatiese fase en in sy historiese fase, maar veral in die proses van sintese en hermeneuse, in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit werklik as 'n meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te bedryf nie. Ook in die bepaling van wat werklik God se blywende opdrag vir ons vandag is, en wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, in die bepaling van wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat bysake is, ook daarin moet die Skrifverklaarder biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig sal gee om te interpreteer en die gawe om te onderskei.

[7] Grosheide, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van die bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam : Van Bottenburg. p. 64.

[8] Vergelyk Berkhof, L. 1971. Principles of Biblical interpretation. Grand Rapids: Baker Book House. p 133.

[9] Grosheide, 1929, p. 65.

[10] Grosheide, 1929, p. 66.

AKTUEEL:

# 'N NUWE KALF MET OU GOUD

**ALA Buys**
Piet Retief

Dit is 'n bekende tegniek in kommunikasie en by onderhandelings om sake so te stel dat dit dui op 'n krises. Die bedoeling is dan dat ou dinge eers afgegee gaan word wanneer die paniek so hoog loop dat daar na die nuwe oplossings, wat dan kunstig as die enigste uitweg voorgehou word, gegryp word. Iets hiervan vind ons by die post-moderniste (ook die in ons kerke). Natuurlik het ons by die ideologie van post-modernisme nie te doen met 'n geheime onderduimse onderhandeling wat die kerke misterieus wil weglok nie. Ons glo nie in sameseweringsteorieë nie. Maar ons kry tog by die aanhangers 'n kriseskreet -"strategie". Dinge word gesê soos: die kerk verloor sy jong mense, die nuwe geslag mense verstaan nie meer die Bybel nie, bedieningspatrone moet aanpas en inpas by die tydsgees. Die post-modernisme word voorgehou as 'n groot golf waarteen niks of niemand iets kan doen nie, en dat ons maar - ter wille van oorlewing - al is dit onwillig, moet saam rol met die golf. Selfs die erediens en prediking moet ingespan word om die mens tuis te laat voel in sy sondige leefwêreldwerklikheid, want mens kan tog nie nou nog verwag dat die mens by God moet inpas nie. Erediens word 'n lekker medemenslike byeenkoms, en prediking word 'n gesprek waar vrae uitgeruil word. In die wetenskap word die teorie[1] van die meedoënlose opeenvolging van paradigmas ingespan om hierdie gevoel van onafwendbaarheid te skep waarteen die kerk niks kan doen as om die beste van 'n slegte saak te maak nie.

Maar is die aanspraak van die post-modernisme met die onafwendbaarheid enersyds en die klem op die nuwe werklik geldig ?

## Wortels

Ons beskou eers hulle aanspraak dat die post-modernisme 'n nuwe oplossing bied. Hulle standpunt is nie so nuut nie, om die waarheid te sê Suid-Afrikaanse post-moderniste is ver agter. As 'n voorbeeld kan die Russiese skrywer Fyodor Dostoevsky (1821-1881) genoem word, wat in sy roman "Crime and Punishment"[2] 'n jong student, nadat hy 'n moord gepleeg het God hardop vloek. Hoewel Dostoevsky teen die nihilisme gerig is, beskryf hy die sonde begrypbaar, beïnvloed hy daarmee selfs vir Karl Barth[3]. Ter verduideliking, Dostoevsky laat vir Barth dink dat daardie student, wat God vloek, op die swetsmoment nader aan God is, meer met God te doen het, meer rekening hou met God se teenwoordigheid, as wat hy onbetrokke in die kerk sou sit en saam prewel. Met ander woorde, die sonde is verstaanbaar en godsdiens kan nie in voorgeskrewe bane gegiet word nie. Karl Barth se Skrifbeskouing is die teologiese voorloper van die post-modernisme[4]. Daar word die wortels van die plantjie wat nou al sy blom stoot teruggevind.

## Feitefout

Om in (Suid)-Afrika teen die jaar 2000 'n post-modernis te wil wees - met die aanspraak dat dit die nuutste ontwikkeling bied vir die probleem van vervreemding van God - is nie aanvaarbaar nie. Die feite weerspreek dit. Inteendeel, post-moderniste in Suid-Afrika, ook in die GKSA, is laat. In Europa en Amerika het die post-moderniste al hulle eie foute raakgesien naamlik dat die dood as die enigste oorblywende realiteit aanbid moet word. Die dood is hulle god. As die post-moderniste modern wil wees hier in Afrika, moet hulle nie ou wasgoed uithang soos wat mens in De Klerk se boek ("'n Vreemde God en sy mense") lees nie. Sy standpunte is maar wisselgrond wat spoedig in 'n ander rigting moet beweeg.

Dis juis hier waar mens vra na die eerlikheid van die post-moderniste wat die kerk in 'n "nuwe" rigting wil dwing. Waarom wil hulle die kerk saam neem as hulle self nie eers weet waarheen hulle oppad is nie. Terwyl ons weet - op grond van die Skrif - dit uiteindelik net op openlike afgodery gaan uitloop. Hoekom nog maak of daar 'n besorgdheid is vir die kerk, as die kerk buitendien post-modernisties gaan verdwyn? Waarom nie nou maar die kerk en sy Hoof, Jesus die Christus, vaarwel toeroep, as hul buitendien nie van plan is om te glo of te volg wat Hy sê nie. Om die waarheid te sê as hul nie eers oortuig is dat God met die kerk praat of al ooit daar gepraat het nie. Is dit eerlik om te sê: kom aanbid die HERE op 'n nuwe manier in Afrika saam met my, as jy weet dat jy van jou goue oorbel 'n kalf genaamd: **post-modern** gemaak het?

Nuut is die post-modernisme nie, die blare lyk dalk nuut maar die wortel is stokoud. Twyfel in God, vroeër of later, bly twyfel in God. Die feit dat ons rekenaars en internet en al die dinge het, verander nie aan die realiteit van God en sy openbaring nie. Die mens het God nie ontgroei nie, die wêreld het nie onder God se hand uit ontwikkel nie. Die mens is vervreemd van God vanweë sy sonde en nie vanweë God se sogenaamde inherente onkenbare vreemdheid

[1] Vgl. Kuhn, T.S. (1970) se bekende boek: *"The structure of scientific revolutions."*

[2] Vgl. Yarmolinski, A. (1963) *Collier's Encyclopedia*, vol 8.

[3] Vgl. Janse, A. 1987 se boek: *"A. Janse over Karl Barth"* by uitgewery Van den Berg te Kampen, bls 25 e.v.

[4] Vgl. Van der Walt, S.J. (1941) se proefskrif *"Die Godsopenbaring in die teologie van Karl Barth"* veral hfst 2.

nie. Post-moderniste wil hê God moet die skuld vir die sonde help dra - sonder om dit op God se voorwaardes in Jesus Christus alleen te doen.

## Nie uniek nie

Post-moderniste se unieke situasie wat hulle vir ons voorhou is nie so uniek nie. Hulle is ongeduldig met God, Hy "vertoef" om te kom. In Eks 32:1-6 sit Aaron met dieselfde probleem, Moses, die man en boodskapper van God het weggebly. Dis 'n 'vreemde situasie. Die volk verstaan nie meer die nuwe ontwikkeling nie. Om die waarheid te sê, Aaron kon beter as die huidige post-moderniste redeneer dat die situasie onafwendbaar is. Ons sit tans met 'n "beskaafde" volk terwyl hy met 'n opstandige slawe volk gesit het wat maar kort gelede van glo gehoor het. Ons kan nog praat van post-christelik, Aaron nie.

Aaron het ook met demokratisering van die teologie te doene gekry. Die volk het rondom hom saam gedrom met die verleidelike opdrag: "Kom, maak vir ons gode wat voor ons uittrek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipte laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie". Is dit nie pragtig hoe die volk hulle eie religieuse onderbewuste gevoel verwoord nie, amper soos die post-moderniste vandag.

Hoe kostelik is hulle bewus van hulle afhanklikheid van 'n hoër hand. Hoe eg sterflik menslik kom hulle met 'n sinvolle voorstel vorendag. Maak vir ons 'n nuwe god, nie 'n ander god nie. Want God se boodskap(per) het weggeraak. Hulle het weliswaar nie oor Skrifbeskouings gestry nie, maar hulle het hulle vreemd van God gevoel. God se man, eintlik God self, het ons in die steek gelaat. Die vreemde God en sy vreemde mense in die woestyn en die vreemde God en sy mense in die jaar 2000.

En is dit nie verdienstelik dat hulle nie afgodery wil pleeg nie ? Hulle wil die HERE eer, hulle wil hom net sien met 'n nuwe beeld wat pas by hulle pre-moderne antieke omstandighede. In hulle leefwêreld wil hulle God aktueel laat wees, hulle wil welliswaar nie wag op Christus die Beeld van die onsienlike God nie, maar mens moet tog realisties wees, wie kan nou daar in die woestyn nog hoop op eeue later se vleeswording. Tye het verander, hulle is nie meer in Egipte en die wonders van die see is ook al vergete. Ook die post-moderniste wil hiper "realisties" wees, en aanpas by die aandrang van die mensdom wat sy sonde nie ken en wil erken nie. In die GKSA kom die post-moderne stemme nog steeds met dieselfde skynheiligheid. "Ons wil dieselfde HERE aanbid, laat daar tog'n fees vir God wees - op 'n nuwe manier met 'n nuwe beeld".

Hulle vrae: 'Waar is Moses, waar is God ?' moet tog beantwoord word. Mens kan die mense in hierdie nuwe situasie tog nie aan hulle self oorlaat nie. Dis 'n krisis wat roep om 'n paradigma. Nie meer 'n slawe paradigma nie, maar een van vryheid: julle kan self sê hoe lyk julle God wat julle uit Egipte verlos het.

En hier kom hulle met die hoogs kontemporêre voorstel: 'n kalf, uit ons eie goud. Is dit nie bewonderingswaardig dat hulle so offervaardig is nie, hulle gee nog voor dat hulle weet van tiendes, sodat hierdie verskriklike vreemdheid tog net kan verdwyn. Ook die post-moderniste vra opoffering. Nie geld nie, maar dapperheid om, alla Madelaine van Biljon, te erken jy twyfel; jou ge-sonde verstand verbied jou om te kan\wil glo.

Dwing dit nie respek af dat hulle so voorbeeldig tradisie vas is nie. Hulle doen nie weg met die offers nie, dit gaan tog immers oor die bloed van die lam en God se vergifnis. Mens glo tog nie in 'n vakuum nie, mens kom van êrens af, en kan nie jou eie kerklike omgewing ontken nie - ook nie in Afrika in die GKSA nie.

Gee hulle nie plek aan die volle mens nie? Die volk moet iets visueels hê om aan vas te hou. Dit klink nogal bekend. "En die volk het gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel" Eks 32:6. Praat nou van deelneem in die erediens!

## Afgodery

Uit bostaande redenering is die gevolgtrekking tweeledig. Ten eerste is dit so dat situasies verander, ons leef in die inligtingsrewolusie. Maar God het nie verander nie. En sy inligting (openbaring) kom nog tot ons op dieselfde manier as wat Hy nog altyd wou: deur sy Woord en Heilige Gees in sy skepping. Die post-moderniste kan dus nie die argument gebruik dat tye verander nie. Natuurlik verander dit, maar wat daarvan ? Wanneer het tye nie verander nie ? Dit maak egter nie 'n nuwe beeld van God noodsaaklik nie. Dit lyk dus of ons eerder hierdie post-moderne kommunikasie truuk wat die kerk op hol wil jaag moet ontbloot vir wat dit is - dringende verleiding tot afgodery.

Tweedens is post-modernisme nie so uniek en die omstandihede nie so besonders as wat hulle dit wil laat lyk nie. Wat hulle nou sê kan in 'n groot mate self op ou Israel toegepas word, soos aangetoon is. Post-modernisme se wortels is oud, so oud soos goud, en verblind nog steeds die oë. Dis net die wrange vrugte in ons tyd wat nuut is. Ons het 'n Beeld van die onsigbare God: Jesus Christus. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Enige iets anders is vervloekte afgodery.

# HOU VAS WAT JY HET (2)

## REAKSIE OP 'TWEE STROME'-ARTIKELS

Dr JG Meijer
Pretoria

### SKRIFGELOOF

***Die verskille in die GKSA gaan volgens prof. Vorster en dr Smit nie oor die gesag nie, maar oor die interpretasie van die Skrif. In my artikel oor Skrifgesag in die vorige uitgawe is reeds op die bewyse van aantasting van Skrifgesag gewys. Tans volg enkele aantekeninge by die gebruik van die woord 'interpretasie' in die 'twee strome'-artikels.***

### 'Interpretasie': uitlê of inlê?

Daar staan in die Woord van God ondeurgrondelike dinge. Die gelowiges verstaan die HERE wat met hulle spreek. Hulle deurgrond Hom nie. Verskeie tekste kan derhalwe verskillend verklaar word. So lank as wat 'n verklaring voldoen aan die vereiste van 2 Petrus 1:20 "dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie," is dit vir elke gelowige aanvaarbaar. Dit gaan in ons verskille binne die GKSA dan ook nie oor teksverklarings wat nie van die leer van die Skrif afwyk nie. Dit gaan selfs nie in die eerste instansie oor teksverklaring as sodanig nie, maar oor die uitgangspunte daarvan, die hermeneutiese beginsels en in direkte aansluiting hierby oor 'Skrifverklarings' wat uit 'n onskriftuurlike hermeneutiek voortkom.

'Interpretasie' is 'n sleutelwoord in die moderne hermeneutiek. Hierdie begrip is 'n wapen in die hand van moderne teoloë. Hulle relativeer daarmee die waarheid en die besit daarvan. Die Skrif mag bly. Die geskrewe woorde word intussen sodanig gekritiseer dat dit by die gevoelens van die laat-twintigste-eeuse mens aanpas. Die Woord word nie uitgelê nie, maar die gedagtes van die moderne mens word daarin gelê. So word die volk van God nie in die waarheid gelei nie, maar daarvan beroof. 'Interpretasie' is in die moderne teologie 'n modewoord. Dit gee rigting aan 'n onskriftuurlike dogmatiek, hermeneutiek (vertolkkunde), eksegese, homiletiek (predikkunde) en etiek.

Die grondbeginsel van die moderne hermeneutiek is onsekerheid, onduidelikheid. Vir talle mense staan alles na die twee wêreldoorloë op los skroewe. Vroeëre sekerhede wankel. Die 'verkondiging' dat die Bybel eintlik 'n onduidelike boek is, spreek hulle aan. Ek hoor hierdie geluid ook in die 'twee strome'-artikels in uitdrukkings soos: "Niemand van ons het dié lig nie." "Die waarheid het baie kante" (dr Smit). Ons besit nie die waarheid nie, maar moet beskeie op die kerklike weg "saam na die waarheid soek." Die HERE openbaar nie in hoeverre sy Woord tydgerig is nie. Nee, "saam moet gelowiges bepaal wat onveranderlike beginsels is wat nie onder die eise van die tyd verander kan word nie en wat blote gewoontes is wat in nuwe tye gewysig moet word." (prof. Vorster). "Ons toon almal maar die trekke van skaduskimme op die rand. Wat ons sê, is tydgebonde; wat ons dink, is dikwels verbygaande" (dr Smit).

### Die helderheid van die Skrif

In hierdie hantering van die 'interpretasie'-begrip klink nie die blye en dankbare belydenis van die helderheid van die Woord soos ons in artikel 2 van die NGB bely nie. Die Skrif is nie 'n duister boek nie, maar die lig wat helder skyn. "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad" (Ps 119:105). "Ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn" (2 Pet 1:19).

Kan ons die Woord verstaan? Die HERE verhoor die gebed van sy kinders wat vra: "Open my oë dat ek kan sien die wonders uit u wet" (Ps 119:18). Die Heilige Gees gee op die gebed "verligte oë van die verstand" (Ef 1:18). Ons hoef nie na die hemel op te klim of in die afgrond neer te daal om die waarheid te soek nie. Wat sê die Skrif in Deuteronomium 30:14: "Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart" (Rom 10:8). Die Gees bring die Woord, nie 'n interpretasie nie, in ons mond en hart. Sodoende ken die skape die stem van hulle Herder (Joh 10:3-4,14) en kom hulle tot die belydenis van hulle Heer en sy leer in die volle lewe (Matt 10:32; Rom 10:10).

### Skrifberoep as 'interpretasie' vertolk

Aanhangers van die moderne 'interpretasie'-teorie devalueer elke beroep op die heilige Woord van God tot 'n interpretasie van die Skrif. Hulle wys die Skrifberoep af met die vermaning: 'Wees beskeie. Jy sê wel: "Dit sê die Woord," maar dit wat jy sê, is maar 'n interpretasie. Toets jou interpretasie aan ander interpretasies (nie: toets alle interpretasies aan die Skrif nie). En sê veral nie dat jou interpretasie die waarheid is nie.'

Ons lees in die 'twee strome'-artikels: "Groepe eien vir hulle standpunte die embleem van 'n absolute waarheid toe" (prof. Vorster). "Kort voor lank word die ou, eie interpretasies die skanse waaragter ons ons beskerming vind." Dit kan "'n vloek word as 'n mens jou interpretasie van die waarheid as die hele waarheid voorhou." "Ons moet veral leer hoeveel betreklikheid en relatiwiteit daar in eie interpretasies kan wees" (dr Smit). Kan predikante nog met soveel onsekerheid die wil van God ken en verkondig: So sê die HERE?

### Bewaar die Woord

Ware gereformeerdes waarsku ernstig teen die 'interpretasie'-teorie wat die helder lig van die

Skrif afskerm, in stryd met ons belydenis (NGB, art. 2). Ons hoor waarskuwende stemme uit verskeie kerklike hoeke in Nederland. Hierdie skriftuurlike geluide is in die boekie *U kneg hoor* deurgegee. Ek roep ons broeders ernstig op om indringend daarvan kennis te neem. Ware gelowiges kan nie lewe in onsekerhede nie. Hulle kan en mag nie aanvaar dat die helderheid van die Skrif met verloop van tyd sou afneem nie. Nee, hulle het 'n vertrouende, vasstaande kennis waardeur hulle alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, as die waarheid aanvaar (HK, antw. 21). Hulle verwerp moderne gedagtes oor interpretasie, aangesien dit

* uitgaan van die onhelderheid van die Skrif,
* lei tot aanpassing van die Woord by ons omstandighede in plaas van nederig buig vir die Woord in ons omstandighede,
* die beroep op die Woord slegs as 'interpretasie' daarvan aanmerk en sodoende afwys, en gevolglik
* die sekerheid van die geloof ondermyn.

Elke gelowige luister graag na prof. Vorster se oproep om beskeie te wees. Beskeidenheid, ja, maar nie ten koste van die helderheid van die Skrif en die sekerheid van die geloof nie. Beskeidenheid wat gepaard gaan met die gelowige en nederige luister na die roepstem: "So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons" (2 Thess 2:15). "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Op 1:3).

### Die binding aan die Skrif

Eerbiediging van die Skrifgesag en handhawing van die Skrifgeloof, die belydenis van die helderheid van die Skrif, is 'n saak van die hart. Dit kom na buite in die binding aan die Woord. Die laaste sinode roep die kerke daartoe op in sy besluit na aanleiding van dalende lidmaatgetalle. Die sinodebesluit hou aan die kerkrade die skriftuurlike roeping van selfbeproewing voor. Daar is talle sake wat dringende aandag benodig. Die inhoud van die prediking en van die huisbesoek, die diakenamp, bywoning van eredienste, huisgodsdiens, die gebedslewe en die wandel as gelowiges, die funksionering van die amp van gelowige ensomeer. Die HERE roep ons tot 'n wandel in die helder lig van sy Woord in ons hele lewe.

Gereformeerde kerke moet voortdurend bly reformeer. Ons bewys liefde aan mekaar deur mekaar aan die Woord van ons HERE en aan die God van die Woord te bind. Indien nodig, tot in die liefdediens van die kerklike tug wat behalwe op die eer van God gerig is op die behoud van afdwalendes en van die hele gemeente.

Voortgaande reformasie in die kerk en in die koninkryk van God kan slegs geskied deur ons almal se eerbiedige aanvaarding van die gesag van die Skrif en ons almal se belydenis van die helderheid van die Skrif. Die lewe van die geloof word slegs op een fondament gebou, die helder leer van apostels en profete. Die verheerlikte Heiland het as die groot Kerkvisitator sy kerk van Filadelfia geprys: "Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."

Hy verbind die opdrag aan die kerk van Filadelfia aan hierdie prysende woorde en aan sy kerk in alle lande en tye: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het (my betroubare Woord), sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Op 3:10-11; vgl. 2:25).

---

**Dr JG Meijer**
Pretoria

**OP PAD NA SINODE 2000**

# DIE POSISIES VAN KERKLIKE PROFESSORE (2)

### Die amp van professor in die kerkorde

Die amp van kerklike hoogleraar in die teologie wat nie in die Woord en in ons belydenis voorkom nie, duik wel in die kerkorde op, ja, al in die ou kerkordes van gereformeerde kerke. Dit is dus nie 'n Suid-Afrikaanse nuwigheid nie. Artikel 2 van die kerkorde bepaal: "Daar is vier soorte dienste: die van bedienaars van die Woord, die van die professore aan die Teologiese Skool, die van ouderlinge en die van diakens."

Die teks van artikel twee kan lei tot die gedagte dat 'n bedienaar van die Woord en 'n professor twee afsonderlike, eiesoortige ampte beklee. 'n Teologiese skool kan by die konkretisering van hierdie gedagte byna onmerkbaar die koers verander. Die klem op die skriftuurlike, gereformeerde karakter van die onderrig verskuif na die ideaal van suiwer wetenskaplike skoling. Hierdie gevaar is nie denkbeeldig nie. Een van die professore merk oor die opleiding in ons midde op: "Die aksent rus moontlik swaarder op akademies-teologiese as kerklike predikante-opleiding."[24]

[24] B Spoelstra. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: handboek by die kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teol. Skool van die GKSA, 1989, p. 123

Let wel: Hier word geen kritiek op akademiese toerusting van ons teologiese studente en predikante gegee nie. Inteendeel, wetenskaplike teologiese opleiding het onskatbare waarde. Dit mag net nie gepaard gaan met die minste afwyking van die regte koers, die doel van die Skool om bedienaars van die Woord vir die kerke op te lei nie.[25] Teologiese vorming moet uit en uit aan die opleiding vir bediening van die evangelie diensbaar wees!

Die toesig oor professore bestaan dus veral uit 'n wakende oog oor die gereformeerde karakter van die opleiding. Die kerke behoort dan ook van die toesighouers te eis dat hulle die skrifuurlike karakter van die wetenskaplike onderrig sorgvuldig koester, dophou en bevorder en daarvan noukeurig rapport uitbring. Tot heil van die studente en van die kerke.

Hulle moet die HERE voortdurend kan dank vir 'n opleiding wat in die krag van die Heilige Gees Godsmanne kweek, manne wat van die professore die erns en die omvang van die roeping tot predikant leer: "Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering."[26] Die hele Skrif is immers "nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God (elke lidmaat van die gemeente) volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[27]

Hoe om kerkordelik te voorkom dat die Teologiese Skool "'n eie wetenskaplike lewe' gaan lei? Deur die professor ooreenkomstig die Skrif en die belydenis duidelik as 'n herder en leraar met 'n spesiale opdrag te tipeer. Die Gereformeerde Kerke (vrygemaak) in Nederland het dit gedoen met hulle verandering van artikel 2 van die kerkorde. Die nuwe artikel bepaal: 'Daar is drie (nie vier nie) ampte: die ampte van bedienaar van die Woord, ouderling en diaken. Sommige predikante sal afgesonder word vir die opleiding tot die bediening van die Woord, ander vir die sendingswerk.' Hierdie formulering volg die Skrif en die belydenis in die leer van die drie besondere ampte en wys bowendien op die twee soorte spesialiste-predikante: die kerklike hoogleraar en die sendeling. Die skrifuurlike roeping dat predikante deur predikante opgelei word, weerklink reeds by die eerste vermelding van die kerklike hoogleraar in hierdie kerkorde.

## Voorlopige toetsing van sinodebesluite

Die kerklike hoogleraar is 'n gespesialiseerde predikant. Wat bly daar van sy predikant-status oor in sy diens as professor? Is hy 'n losgemaakte predikant, 'n predikant in die volle betekenis van die woord, 'n emeritus-predikant? Kom, ons oorweeg hierdie vrae in die lig wat die Woord oor die opleiding gee.

*Die professor, 'n losgemaakte predikant?*

Sedert 1973 word 'n predikant wat vir die opleiding van predikante afgesonder word, losgemaak van die gemeente wat hy dien. Die losmaking is gereël in artikel 10 van die kerkorde. Hierdie artikel bepaal dat 'n dominee na wettige losmaking in 'n volgende gemeente wat hom geroep het, bevestig kan word. Met ander woorde: Die diens van die predikant wat in een gemeente losgemaak is, gaan in 'n ander gemeente voort.

Die losmaking van die professor behels egter nie die voortgang van sy diens in 'n ander gemeente nie. Hy word na sy losmaking nie weer as predikant bevestig nie. Die losmaking in artikel 10 sonder om opnuut as dominee bevestig te word, beteken ontslag van die betrokke predikant in die letterlike sin van hierdie artikel. Die professor is nie meer amptelik aan een van die plaaslike kerke verbind nie.

Hierdie ontkragting van die betekenis van artikel 10 word voluit in die praktyk van die kerklike toesig en tug oor die hoogleraar toegepas. Hy is na sy losmaking nie meer aan enige plaaslike kerk amptelik verbind nie. Gevolglik het geen plaaslike kerk nog enige bevoegdheid om oor die professor in sy hoedanigheid as predikant toesig te hou en tug uit te oefen nie.

Losmaking sonder bevestiging in 'n ander plaaslike kerk is bowendien strydig met die lewenslange roeping van die bedienaars van die Woord.[28] Sodoende word die ampte van professor en predikant geskei, in stryd met die skrifuurlike beginsel: predikante lei predikante op. Nee, die hoogleraar as losgemaakte predikant bied nie 'n kerkregtelik bevredigende oplossing van die toesig-vraagstuk nie.

*Die professor, 'n predikant?*

Om tot 'n oplossing van die toesig-probleem te kom word die voorstel geopper om artikel 10 van die kerkorde volledig te handhaaf en toe te pas. 'n Bedienaar van die Woord wat die roeping tot die professoraat opvolg, word losgemaak in die gemeente wat hy dien en as predikant bevestig in die gemeente waar hy as professor gaan woon.[29] Hierdie voorstel eerbiedig die predikant-status van die professor en laat die bevoegdheid van toesig oor die predikant in die hande van die kerkraad. Dit is die sterk punt van die voorstel in vergelyking met die Sinodebesluit oor die 'losgemaakte predikant'.

Die probleem ontstaan met die oorweging van wat hierdie voorstel behels. Die man wat bevestig word, moet die eerste vraag uit die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord beantwoord: "Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?"

Die formulier vat 'hierdie heilige diens' in ses punte saam. Die eerste punt gaan oor die prediking en huisbesoek, die tweede oor die bediening van die sakramente, die derde oor die gebede in die erediens, die vierde oor die kategetiese onderrig, die vyfde oor die regering van die kerk saam met die ouderlinge en die

[25] Vgl. KO, art. 18.
[26] 2 Tim 4:2.
[27] 2 Tim 3:16-17.
[28] Sien KO, art. 12.
[29] B Spoelstra, *loc. cit.*

sesde oor sy evangelisasie-roeping. Kortom: Die formulier omskryf die deurgaande en veelomvattende diens van die plaaslike predikant en maak geen melding van die opleidingstaak nie. Die professor is egter juis afgesonder om dié diens uitsluitlik waar te neem.

As die voorstel aanvaar word om 'n professor in aktiewe diens as predikant te bevestig, verplig ons hom om plegtig te verklaar: 'Ek is deur God geroep om die amp van predikant in die gemeente volledig waar te neem. Ek sê: Ja, ek sal hierdie heilige diens as geroepene deur God vervul. Ek doen dit egter nie. Want die kerke roep my tot die gespesialiseerde taak van die predikant om predikante op te lei.'

Ons mag geen predikant verlei om 'n ja-woord voor God en sy gemeente uit te spreek, wat hy kragtens sy roeping tot professor nie kan en mag vervul nie. Daarom bied ook nie die bevestiging van 'n professor as predikant die oplossing van die bestaande toesig-probleem nie.

*Die professor, 'n emeritus-predikant?*

Voor 1973 het Die Gereformeerde Kerke in ons land 'n dominee wat hulle vir die opleiding van predikante afgesonder het, laat emeriteer. Sodoende het die kerke voldoen aan die bepaling in artikel 13 van die kerkorde dat hy "die eer en die naam van 'n bedienaar van die Woord" behou. Die predikant-status van die professor is eerbiedig. Drie instansies oefen gevolglik toesig oor hom uit. Die toesighouers wat die kerke saam aanwys, oordeel oor hom in sy kwaliteit as professor, die kerkraad van die gemeente wat hom geëmeriteer het, in sy kwaliteit as predikant en die kerkraad van die gemeente waar hy woon, as lidmaat.

Ten spyte van die voordele van die toestand voor 1973 gee die teks van artikel 13 geen skriftuurlike ruimte vir die aanduiding van die professor as emeritus-predikant nie en derhalwe geen oplossing van die toesig-probleem nie. Artikel 13 handel oor 'n predikant wat om verskeie oorsake "onbekwaam" kan "word vir die uitoefening van sy diens." Die woord onbekwaam wys op die toestand van 'n persoon. Ons kan tog nie sê dat 'n beroepe professor onbekwaam is om sy amp van predikant uit te oefen nie? Kan ons dit trouens wel sê van al die predikante wat op 65-jarige ouderdom emeriteer? Hierdie artikel word lankal nie meer letterlik toegepas nie en behoort kragtens artikel 86 gewysig te word. Maar dit terloops.

Behalwe dat ons nie kan verklaar dat 'n professor onbekwaam vir die uitoefening van die predikant-amp geword het nie en daarom behoort te emeriteer, is die slot van artikel 13 van die kerkorde ook nie op hom van toepassing nie. Nie die plaaslike kerk wat hom geëmeriteer het nie, maar al die kerke saam vervul die skriftuurlike plig om hom "in sy nooddruf eervol" te versorg.

Uit wat in hierdie artikel opgemerk is, vloei twee voorlopige gevolgtrekkings voort:

1. Die kerklike hoogleraar beklee drie posisies in die kerklike lewe. As hoogleraar is hy aan alle kerke saam verbind. Hy behou tweedens die reg van 'n predikant sonder om aan al die vereistes van die bevestigingsformulier te moet voldoen. Dit wil sê: Hy het as emeritus-predikant die bevoegdheid om op versoek van 'n kerk die Woord en die sakramente te bedien. Derdens is hy vanselfsprekend lid van een van Die Gereformeerde Kerke. Die drie posisies gee aan die bogenoemde drie kerklike instansies die bevoegdheid om toesig oor hom te hou.
2. Die kerkorde bevat geen bepaling wat die amptelike status van die predikant saam met dié van kerklike hoogleraar (die spesialis-predikant) volledig honoreer nie.

Moontlik kan die oplossing van die bestaande toesig-probleem gesoek word in 'n toevoeging aan artikel 18 oor die eiesoortige emeritaat van 'n professor, asook deur toevoeging van die bepaling dat die gesamentlike kerke hom na emeritering in sy nooddruf eervol sal versorg.

In die lig van hierdie artikel kan die leser sy kerkraad die volgende adviseer.

## Advies

Die kerkraad formuleer *'n beskrywingspunt* en lê dit aan die volgende Klassis voor met versoek om dit na moontlike wysiging by die volgende Partikuliere Sinode te laat dien, sodat Sinode 2000 DV daaroor kan besin en desgewens studiedeputate kan aanwys om die voorgestelde sake noukeurig uit te pluis. Die beskrywingspunt bevat die volgende onderdele:

1. Die Skrifbeginsel dat aanstaande predikante deur predikante opgelei word en die toepassing van hierdie beginsel deur die afsondering van 'n aantal predikante aan wie die opleiding tot die bediening van die Woord toevertrou word;
2. die skriftuurlike vereiste dat Kuratore veral oor die gereformeerde karakter van die opleiding toesig hou;
3. die drie posisies van die kerklike hoogleraar in die lig van die Skrif en die belydenis: kerklike hoogleraar, predikant-status en lidmaat van 'n plaaslike kerk;
4. die onvoldoende honorering van sy amptelike posisies (kerklike professor in die betekenis van gespesialiseerde predikant) in die kerkorde, met name in artikels 2 en 18.

Die beskrywingspunt loop uit op die versoek dat die Sinode hierdie kerklike saak wat volgens artikel 30 van die kerkorde by die meeste vergadering van die kerke, die sinode, tuishoort, in behandeling sal neem ten einde die toesig oor professore en emeriti-professore in die lig van die Skrif en die belydenis ordelik te bepaal.